



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **MUSIEK**

## **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE**

**2013**

**Hierdie riglyne bestaan uit 39 bladsye.**

## 1. INLEIDING

Die sewentien vakke van die Nasionale Kurrikulumverklaring wat 'n praktiese komponent bevat, het elk 'n PAT (Praktiese Assesseringstaak). Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- SOSIALE WETENSKAPPE: Lewensoriëntering, Geskiedenis, Geografie
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie

'n PAT stel die onderwyser in staat om toegepaste vaardigheid direk en sistematies te monitor. Die PAT bestaan uit die toepassing/uitvoering van die kennis, vaardighede en waardes wat eie aan daardie vak is.

Die PAT moet gedurende die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer word en as een uitgebreide taak beskou word wat onderverdeel word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite wat die PAT uitmaak. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. ALGEMEEN

- Daar is sewe Praktiese Assesseringstake (PAT'e) in Graad 12 en ses PAT'e in graad 10 en 11. Hierdie take is 'n samestelling van die jaarpunt vir Musiek, wat 25% van die promosiepunt uitmaak. Die oorblywende 75% word van die finale eksterne eksamen verkry.
- Die PAT'e korrespondeer ten nouste met die kurrikulummateriaal vir Musiek en maak deel uit van die onderrig- en assesseringsaktiwiteite. Hierdie moet as deurlopende assesseringsgereedskap gebruik word en het ten doel om te verseker dat alle aspekte van die kurrikulum gedek word.
- Die volgorde waarin die PAT'e voltooi word, word nie gespesifiseer nie, maar die aanduidings dien slegs as 'n voorstel. Onderwysers moet toesien dat die voltooiing van hierdie PAT'e eweredig gedurende die eerste drie kwartale van die akademiese jaar versprei word.
- Die opsomming van vereistes vir graad 10–12 word verskaf. Voorbeelde van PAT'e word slegs vir graad 12 verskaf. Dit behoort as 'n basis vir jou beplanning vir graad 10 en 11 gebruik te word.

### 3. OPSOMMING VAN VEREISTES

#### 3.1 GRAAD 12 PAT'e

| PAT                              | BESKRYWING  | PUNTE            |                          |
|----------------------------------|---|------------------|--------------------------|
|                                  |   |                  |                          |
| PAT 1<br>(Sien bl. 6, 18 & 19)   | Konsertvoordrag:<br>* Openbare uitvoering van een werk, bv. in 'n voorspeel-<br>klas of konsert<br>* Geskrewe programnotas  | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 2<br>(Sien bl. 6, 20, 21–22) | Opdrag: Musiekgeletterdheid<br>* Harmoniese ontleding<br>* Harmonisering  | 30<br>20         | 50                       |
| PAT 3<br>(Sien bl. 7–8 & 24–31)  | Improvisasie:<br>* Voordrag<br>* Geskrewe verduideliking van styl/tegnieke wat gebruik<br>word  | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 4<br>(Sien bl. 7–8)          | Halfjaareksamen:<br>* Praktiese Eksamen: twee werke, tegniek, gehoor, bladlees<br>* Vraestel 1: Musiekgeletterdheid (60) en Musiekkennis (65)<br>* Vraestel 2: Ouditiewe Musiekbegrip | 142<br>125<br>33 | 300                      |
| PAT 5<br>(Sien bl. 8 & 32–34)    | Komposisie OF Verwerking:<br>* Handgeskrewe of gedrukte partituur<br>* Opname of voordrag (elektronies of akoesties)  | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 6<br>(Sien bl. 8, 35–36)     | Opdrag: Musiekkennis<br>* Geskrewe opdrag van 1 000–1 500 woorde<br>* Inhoud: Suid-Afrikaanse Musiek –<br>Populêre/Tradisionele/Koor-/Kunsmusiek                                      | 50               | 50                       |
| PAT 7<br>(Sien bl. 8)            | Rekordeksamen:<br>* Praktiese Eksamen: drie werke, tegniek, gehoor, bladlees<br>* Vraestel 1: Musiekgeletterdheid (60) en Musiekkennis (65)<br>* Vraestel 2: Ouditiewe Musiekbegrip   | 142<br>125<br>33 | 300                      |
|                                  | <b>Totaal vir PAT'e</b><br><b>Jaarpunt: Totaal gedeel deur 8,5 = %</b>  |                  | <b>850</b><br><b>100</b> |

## 3.2 GRAAD 11 PAT'e

| PAT   | BESKRYWING   | PUNTE            |                          |
|-------|--|------------------|--------------------------|
|       |  |                  |                          |
| PAT 1 | Konsertvoordrag:<br>* Openbare uitvoering van een werk, bv. in 'n voorspeelklas of konsert<br>* Geskrewe programnotas  | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 2 | Opdrag: Musiekgeletterdheid<br>* Ontleding van 'n musiekpartituur<br>* Transkripsie en transponering   | 30<br>20         | 50                       |
| PAT 3 | Improvisasie:<br>* Voordrag<br>* Geskrewe verduideliking van styl/tegnieke wat gebruik word  | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 4 | Halfjaareksamen:<br>* Praktiese Eksamen: twee werke, tegniek, gehoor, blad lees<br>* Vraestel 1: Musiekgeletterdheid (60) en Musiekkennis (60)<br>* Vraestel 2: Ouditiewe Musiekbegrip | 150<br>120<br>30 | 300                      |
| PAT 5 | Komposisie OF Verwerking:<br>* Handgeskrewe of gedrukte partituur<br>* Opname of voordrag (elektronies of akoesties)   | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 6 | Opdrag: Musiekkennis:<br>* Geskrewe opdrag van 750–1 000 woorde<br>* Inhoud: Sonate OF Oratorium as genres   | 50               | 50                       |
|       | <b>Totaal vir PAT'e</b><br><b>Jaarpunt: Totaal gedeel deur 5,5 = %</b>   |                  | <b>550</b><br><b>100</b> |

## 3.3 GRAAD 10 PAT'e

| PAT   | BESKRYWING   | PUNTE            |                          |
|-------|--|------------------|--------------------------|
|       |  |                  |                          |
| PAT 1 | Konsertvoordrag:<br>* Openbare uitvoering van een werk, bv. in 'n voorspeelklas of konsert<br>* Geskrewe programnotas  | 40<br>10         | 50                       |
| PAT 2 | Opdrag: Musiekgeletterdheid:<br>* Ontleding van 'n partituur<br>* Teorietoets  | 20<br>30         | 50                       |
| PAT 3 | Melodiese improvisasie<br>Ritmiese improvisasie  | 25<br>25         | 50                       |
| PAT 4 | Halfjaareksamen:<br>* Praktiese Eksamen: twee werke, tegniek, gehoor, blad lees<br>* Vraestel 1: Musiekgeletterdheid (60) en Musiekkennis (60)<br>* Vraestel 2: Ouditiewe Musiekbegrip | 150<br>120<br>30 | 300                      |
| PAT 5 | Musiekkennis en ontledingsopdrag:<br>* Geskrewe opdrag oor enige aspek wat in die gekose CAPs-opsie verskyn.   |                  | 50                       |
| PAT 6 | Ensemble-werk:<br>* Openbare voordrag van ten minste een ensemble-werk, bv. in 'n voorspeelklas of konsert<br>* Geskrewe programnotas  | 40<br>10         | 50                       |
|       | <b>Totaal vir PAT'e</b><br><b>Jaarpunt: Totaal gedeel deur 5,5 = %</b>   |                  | <b>550</b><br><b>100</b> |

#### 4. VOLLEDIGE BESKRYWING VAN GRAAD 12 PAT'e 1–7

##### **PAT 1: Konsertvoordrag**

1. Elke leerder moet een werk by 'n musiekkonsert of voorspeelklas speel. Hierdie werk moet afgerond en voordrag-gereed wees. Die werk mag deel uitmaak van die finale praktiese eksamen-program.
2. Elke leerder moet verder ook programnotas van 120–150 woorde skryf oor die werk wat voorgedra word. Beide die konsertvoordrag en die geskrewe programnotas moet deur ten minste twee musiekonderwysers geassesseer word.

Bewys van die assessering van die voordrag en die geskrewe programnotas moet in elke leerder se lêer geplaas word.

##### **PAT 2: Opdrag: Musiekgeletterdheid**

1. Elke leerder moet 'n harmoniese analise doen wat die verskillende aspekte wat in die kurrikulum vereis word, insluit (toonsoort, akkoordprogressies, omkerings, kadense, nie-akkoordnote en komposisie-tegnieke).
2. Elke leerder moet ook 'n vierstemmige (SATB) harmonisering van 'n gegewe sopraanmelodie wat uit agt mate bestaan, voltooi.

Vir leerders wat nie die styl hierbo bestudeer nie:

1. Elke leerder moet 'n harmoniese analise wat op die relevante aspekte van die alternatiewe harmoniestyl fokus, voltooi.
  2. Leerders moet ook 'n harmonisering van 'n gegewe melodie in die alternatiewe harmoniese styl voltooi.
- \* Beide die bogenoemde opdragte (harmoniese analise en harmonisering) mag as klastoetse of as huiswerkopdragte binne 'n sekere tydraamwerk voltooi word.
- \* Bewys van die assesserings van beide opdragte moet in die leerder se lêer geplaas word.

### PAT 3: Improvisasie

1. Elke leerder moet op sy/haar instrument improviseer terwyl 'n klawerbordinstrument, kitaar of voorafopgeneemde musiek (*backtrack*) die begeleiding verskaf. Die improvisasiegedeelte moet 'n minimum van 12 mate lank wees, maar kan langer duur mits die leerder dit versoek. Die akkoordprogressie of 'backtrack' van die improvisasie wat as begeleiding dien, moet ten minste twee weke voor die werklike voordrag aan die leerder verskaf word sodat die leerder kan voorberei. By die werklike voordrag mag die leerder slegs die akkoordprogressie, akkoordkaart ('chord chart') of leikaart ('lead sheet') voor hom/haar hê.
2. 'n Geskrewe verduideliking (80–100 woorde) van die styl/tegnieke en materiaal wat gedurende die improvisasie gebruik word, moet deur die leerder ten tye van die werklike improvisasievoordrag verskaf word.

Die styl van die improvisasie word nie voorgeskryf nie. Die onderwyser mag een van die volgende opsies aan die leerder verskaf:

- Opsie A: Die akkoordprogressie van 'n 12-maat-Blues
  - Opsie B: Twaalf mate met 'n spesifieke harmoniese progressie in 'n
- (a) Barok-, Klassieke of Romantiese styl  
OF
- (b) 'n Alternatiewe styl wat vir improvisasiedoeleindes geskik is

Daar word van alle melodiese instrumente (insluitende klavier, klawerbord, orrel en kitaar) vereis om enkellyn-improvisasie te doen: melodiese en ritmiese improvisasie sal gebruik word. Niemelodiese slagwerk/perkussie, tromstel en niemelodiese Afrika-instrumente sal vanselfsprekend slegs ritmies improviseer.

Bewys van die assessering van die improvisasie en die geskrewe verduideliking moet in elke leerder se lêer geplaas word.

### PAT' 4 en 7: Die Twee Eksamens

Elke leerder moet 'n praktiese eksamen speel en twee volledige eksamenvraestelle (Vraestel 1 en 2) gedurende die twee eksamensessies (Junie-eksamen en rekordeksamen) skryf. Elkeen van die eksamens moet op die finale eksterne eksamens gebaseer word, selfs al is die inhoud van die kurrikulum nie teen die tyd wanneer die hier eksamens plaasvind, afgehandel nie. Die rekordeksamen behoort as gevolg van die tydplasing in die akademiese jaar, tot 'n groot mate met die finale eksterne eksamen ooreen te stem.

Die praktiese eksamen behoort die getal voordragstukke, soos gespesifiseer in die **Opsomming van Vereistes** (bl. 3), tegniese ontwikkeling, gehoortoetse en blad lees te bevat.

Vraestel 1 (Musiekgeletterdheid en Musiekkennis): Die presiese inhoud, alhoewel uit die kurrikulum afgelei, word aan die onderwyser se diskresie oorgelaat en hang af van watter aspekte voor die eksamens afgehandel is.

Vraestel 2 (Ouditiewe Musiekbegrip): Die inhoud moet aspekte van gehooronderrig (herkenning van ritmes, tydmaattekens, diktee, kadense), komposisietegnieke (die gebruik van sekwense, herhaling, imitasie, ens.), genre, styl, instrumentasie en vormanalise insluit. Musiekvoorbeelde moet nie verwarrend wees nie, partiture moet duidelik wees, en die musiek moet van 'n CD of deur die onderwyser gespeel word.

Bewys van assessering van al DRIE aspekte moet in elke leerder se lêer geplaas word.

### **PAT 5: Komposisie OF Verwerking**

1. Elke kandidaat moet 'n musiekstuk vir gemengde koor (SATB) OF klawerbordinstrument OF 'n kombinasie van ten minste vier instrumente komponeer of verwerk. Dit moet 'n duidelike harmoniese basis bevat. Meer instrumente of stem(me) mag bygevoeg word volgens die diskresie van die leerder. Die minimum vereiste lengte is 12 mate (verdubbel tot 24 mate wanneer die tydmaatteken 2/4 of 3/8 is), maar dit mag langer wees as die leerder dit so verkies. 'n Netjiese handgeskrewe of rekenaargedrukte partituur moet voorgelê word.
2. Elke kandidaat moet die komposisie of verwerking opneem of uitvoer. Die opname of uitvoering, kan akoesties, elektronies, of 'n kombinasie van die twee wees.

Bewys van die assessering van die komposisie of verwerking *en* die assessering van die opnames moet in elke leerder se lêer geplaas word.

### **PAT 6: Opdrag: Musiekkennis**

Elke leerder moet 'n opdrag oor enige aspek van Suid-Afrikaanse musiek (populêre musiek, tradisionele musiek, koormusiek of kunsmusiek) doen. Die lengte van die opdrag moet tussen 1 000 en 1 500 woorde wees. Die onderwyser mag opskrifte en onderopskrifte verskaf om die leerder te help met die struktuur van die geskrewe opdrag, maar die geskrewe teks moet die leerder se eie werk wees. 'n Bibliografie en diskografie moet ingesluit wees.

Die opdrag en bewys van die assessering van die opdrag moet in elke leerder se lêer geplaas word.



## 5. ASSESSERING

### 5.1 VOORDRAG

Alle assessering van 'n musiekvoordrag sal uiteraard 'n mate van subjektiwiteit bevat. Musici stem egter saam dat 'n voordrag suksesvol geassesseer kan word indien basiese kriteria gevolg word. Hierdie kriteria en gewigwaardes word hieronder verskaf.

### VOORBEREIDE WERKE EN ENSEMBLES

Die kriteria van toepassing op die assessering van voorbereide werke en ensembles word soos volg uiteengesit:

| Vloeiendheid<br>10   | Akkuraatheid<br>10   | Stilistiese singewing<br>30   | Musikaliteit<br>20   | Algemeen<br>30  |
|--|--|---|--|---|
| (9-10)<br><b>UITSTEKEND</b><br>Akkuraat, vloeiend en presiese spel                                 | (9-10)<br><b>UITSTEKEND</b><br>Gesaghebbende, akkurate spel                          | (27-30)<br><b>UITSTEKEND</b><br>Duidelike begrip van die vereiste styl    | (18-20)<br><b>UITSTEKEND</b><br>Uitstekende projeksie en kommunikasie van die betekenis van die musiek | (27-30)<br><b>UITSTEKEND</b><br>Uitstekende toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en gepaste tempo      |
| (7-8)<br><b>GOED</b><br>Hoofsaaklik akkuraat en vloeiende spel                                     | (7-8)<br><b>GOED</b><br>'n Goeie vlak van akkuraatheid                               | (21-26)<br><b>GOED</b><br>Goeie sin vir voordrag in die toepaslike styl   | (14-17)<br><b>GOED</b><br>Goeie begrip en kommunikasie van die betekenis van die musiek                | (21-26)<br><b>GOED</b><br>Goeie toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo                          |
| (5-6)<br><b>AANVAARBAAR</b><br>Meestal akkuraat met genoegsame vloeiendheid                        | (5-6)<br><b>AANVAARBAAR</b><br>Algemene akkurate spel                                | (15-20)<br><b>AANVAARBAAR</b><br>'n Redelike begrip van die vereiste styl | (10-13)<br><b>AANVAARBAAR</b><br>Gedeeltelik suksesvol om die betekenis van die musiek oor te dra      | (15-20)<br><b>AANVAARBAAR</b><br>Redelike toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo                |
| (3-4)<br><b>GANGBAAR</b><br>Tentatiewe tempo, pols nie altyd duidelik nie, veelvuldige huiwerings  | (3-4)<br><b>GANGBAAR</b><br>Beperkte vlak van akkuraatheid                           | (9-14)<br><b>GANGBAAR</b><br>Voordrag onseker en min begrip van styl      | (6-9)<br><b>GANGBAAR</b><br>Min musikale begrip  | (9-14)<br><b>GANGBAAR</b><br>Met tye 'n redelike toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo         |
| (1-2)<br><b>SWAK</b><br>Baie swak kontinuïteit met baie struikelinge, begin oor en/of stop dikwels | (1-2)<br><b>SWAK</b><br>Baie min akkurate spel met baie foute                        | (6-8)<br><b>SWAK</b><br>Styl slegs vaagweg onderskeibaar                  | (2-5)<br><b>SWAK</b><br>Gebrek aan musikale singewing  | (6-8)<br><b>SWAK</b><br>Gebrek aan toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo                       |
| (0)<br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br>Kan nie die werk speel nie   | (0)<br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br>So onakkuraat dat die musiek nie gevolg kan word nie | (0-5)<br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br>Onaanvaarbaar met geen sin vir styl     | (0-1)<br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br>Nie in staat om die betekenis van die musiek oor te dra nie          | (0-5)<br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br>Geen sin vir enige toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo nie |

## 5.2 TEGNIESE ONTWIKKELING (20 PUNTE)

Alle toonlere, arpeggio's, oefeninge en studies (waar van toepassing) moet op 'n minimum vlak van graad 5 aangebied word.

Leerders wat Trinity Guildhall graad 5–8 aanbied, moet Afdeling I – toonlere en arpeggio's – aanbied.

- Slegs instrumente wat nie toonlere en arpeggio's het nie, mag oefeninge of rudimente aanbied volgens die vereistes en die standaard van die spesifieke instrument.
- Afrika-instrumente en stem wat nie enige van die bogenoemde het nie, moet TWEE tegniese studies aanbied. Hierdie studies mag NIE deel vorm van die vier voordragstukke NIE. Die eksaminator moet voorsien word van kopieë van beide studies.
- Die kriteria van toepassing op die assessering van tegniese werk word soos volg uiteengesit (tien toonlere en arpeggio's sal gevra word, wat elk twee punte tel):

$$10 \times 2 = 20$$

|    |   |
|----|---|
| 2  | Vloeiend, akkuraat en egalig met 'n geskikte tegniese vaardigheid<br>Goeie toonkwaliteit en suiwer intonasie<br>Reageer onmiddellik   |
| 1½ | Tegnies sterk met enkele foute wat deur spanning veroorsaak word<br>Toonkwaliteit en intonasie meestal betroubaar<br>Reageer oor die algemeen onmiddellik                                     |
| 1  | Meestal vloeiend, maar met effense onreëlmatigheid van tegniek en tempo's<br>Verskeidenheid in toonkwaliteit en intonasie kom soms voor<br>Aarselend en onseker reaksies en begin dikwels oor |
| ½  | Beperkte kennis van die struktuur met baie foute in note en tegnies lomp<br>Swak toonkwaliteit en intonasie<br>Begin dikwels oor met min begrip van toonsoort                                 |
| 0  | Geen vloei in die spel<br>Baie ernstige foute<br>Geen begrip van struktuur  |

| AFRIKA-INSTRUMENTE/VOKALE STUDIES |               |               |
|-----------------------------------|---------------|---------------|
|                                   | MAKSIMUM PUNT | PUNT TOEGEKEN |
| STUDIE 1                          | 10            |               |
| STUDIE 2                          | 10            |               |
| <b>TOTAAL</b>                     | <b>20</b>     |               |

### 5.3 BLADLEES (12 PUNTE)

Leerders sal 'n maksimum van twee minute kry om die bladlees te bestudeer. Hulle mag nie die toonhoogtes laat klink terwyl hulle voorberei nie.

Die kriteria van toepassing op die assessering van bladlees word soos volg uiteengesit:

| <b>STYL EN VERTOLKING</b><br>4   | <b>AKKURAATHEID</b><br>4  | <b>VLOEIENDHEID</b><br>4   |
|--|---|--|
| <b>(4)</b><br><b>UITSTEKEND</b><br><br>Uitstekende vertolking en kontrole<br>Musikaal oortuigend, gee aandag aan besonderhede van frasering, artikulasie en dinamiek | <b>(4)</b><br><b>UITSTEKEND</b><br><br>Lees akkuraat  | <b>(4)</b><br><b>UITSTEKEND</b><br><br>'n Geskikte en konsekwente tempo<br>Voordrag vloeiend |
| <b>(3)</b><br><b>GOED</b><br><br>Goeie vertolking en kontrole<br>Redelike begrip van frasering, artikulasie en dinamiek  | <b>(3)</b><br><b>GOED</b><br><br>Meestal akkuraat gelees                                    | <b>(3)</b><br><b>GOED</b><br><br>Tempo hoofsaaklik stabiel                                   |
| <b>(2)</b><br><b>AANVAARBAAR</b><br><br>Bevredigende kontrole van musikale styl en besonderhede  | <b>(2)</b><br><b>AANVAARBAAR</b><br><br>Aanvaarbare vlak van akkuraatheid tydens leesproses | <b>(2)</b><br><b>AANVAARBAAR</b><br><br>Aanvaarbare tempo<br>Vloeiendheid aanvaarbaar        |
| <b>(1)</b><br><b>SWAK</b><br><br>Gee min aandag aan besonderhede van musikale vertolking   | <b>(1)</b><br><b>SWAK</b><br><br>Meestal foutiewe lees van musiek                           | <b>(1)</b><br><b>SWAK</b><br><br>Inkonsekwente tempo<br>Gebrek aan vloeiendheid              |
| <b>(0)</b><br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br><br>Geen aandag aan musikale besonderhede   | <b>(0)</b><br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br><br>Voordrag nie voltooi nie of verkort              | <b>(0)</b><br><b>ONAAANVAARBAAR</b><br><br>Erg wisselende tempo<br>Geen vloeiendheid nie     |

#### 5.4 GEHOORTOETSE (10 PUNTE)

Drie toetse vorm deel van die assessering, naamlik:

- Bladsing (4 punte)
- Klap van 'n ritme (4 punte)
- Sing van drieklanke (2 punte)

Tonika-solfa word saam met konvensionele notasie verskaf.

#### 5.5 KOMPOSISIE, VERWERKING EN IMPROVISASIE

Onderwysers wat die assessering doen, moet in gedagte hou dat baie min leerders dit maklik vind om hierdie vaardighede te bemeester. Die volgende kriteria kan toegepas word:

| <b>KOMPOSISIE-/VERWERKINGSKRITERIA</b>  | <b>GEWIG</b> |
|---|--------------|
| Melodiese Aspekte:<br>* Gebruik van intervalle en melodiese motiewe<br>* Tonaliteit, tonaliteitskuiwing           | 20           |
| Ritmiese Aspekte:<br>* Pols (Metrum), ritmiese stuwing<br>* Ritmiese motiewe, ritmiese verskeidenheid             | 20           |
| Harmoniese Taal:<br>* Akkoordprogressies, kadense<br>* Stemvoering en strukturering van akkoorde                  | 20           |
| Stilistiese Kenmerke:<br>* Styl duidelik gedefinieerd<br>* Egaligheid van styl                                    | 20           |
| Algemeen:<br>* Struktuur, Tempo-, Voordrag-, Dinamiek- en Artikulasie-aanduidings<br>* Duidelikheid van partituur | 20           |
| <b>TOTAAL</b>   | <b>100</b>   |

Improvisasie kan suksesvol geassesseer word deur die volgende basiese kriteria te gebruik:

| <b>IMPROVISASIEKRITERIA</b>   | <b>GEWIG</b> |
|---|--------------|
| Melodiese Aspekte:<br>* Toonlere/Modusse, nie-akkoordnote<br>* Melodiese motiewe, melodielyn/-kontoer           | 25           |
| Ritmiese Aspekte:<br>* Ritmiese variasie en kompleksiteit<br>* Ritmiese motiewe, ritmiese stuwing               | 25           |
| Algemeen:<br>* Vloeiendheid, akkuraatheid<br>* Intonasie<br>* Toonproduksie/-aanslag<br>* Tegnieise vaardigheid | 20           |
| Stilistiese singewing   | 20           |
| Musikale begrip   | 10           |
| <b>TOTAAL</b>   | <b>100</b>   |
| <b>Punt verwerk:<br/>Improvisasievoordrag</b>   | <b>40</b>    |

Vir slagwerk, tromstel en niemelodiese Afrika-instrumente sal die gewig van die ritmiese aspekte 50 punte tel. Die res bly onveranderd.

### **PRAKTIES: ALGEMENE INLIGTING**

Dit is die verantwoordelikheid van die praktiese onderwyser om die leerder te inspireer om die hoogste vlak van bevoegdheid op sy/haar gekose instrument te bereik. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om elke dag op sy/haar instrument te oefen. Geen vordering kan gemaak word sonder gereelde oefening nie.

Alle gekose stukke moet ten minste aan graad 5-standaard voldoen (gelykstaande aan die standarde gestel deur UNISA, Associated Board of the Royal Schools of Music (ABRSM) of Trinity Guildhall). Hierdie is 'n *minimum standaard*. Leerders wat werke op 'n laer standaard as die vereiste minimum standaard aanbied, sal geopenaliseer word. As daar nie aan die vereiste standaard voldoen word nie, sal 'n leerder proporsioneel soos volg geopenaliseer word:

- Graad IV: Punt  $\times$  4/5
- Graad III: Punt  $\times$  3/5
- Graad II: Punt  $\times$  2/5
- Graad I: Punt  $\times$  1/5

'n Leerder wat werke aanbied wat die vereiste standaard oorskry, sal nie outomaties hoër punte verwerf nie. Die gekose stukke moet uit minstens **DRIE** verskillende stylperiodes of **DRIE** verskillende musiekstyle kom.

Instrumente wat vir die praktiese komponent gekies word, moet gekies word uit die sillabus van een van die amptelike eksamenliggame (UNISA, ABRSM of Trinity Guildhall). Dit sal verseker dat alle aspekte van die praktiese eksamen (stukke, tegniese ontwikkeling, gehoor, blad lees) op dieselfde standaard geassesseer kan word.

Die enigste uitsondering op die reël is van toepassing op Afrika-instrumente. Leerders moet twee instrumente aanbied wat verskil van dié wat in graad 10 en 11 aangebied is. Alle materiaal (werke, tegniese ontwikkeling, blad lees) moet deur die onderwyser voorsien word.

Leerders wat Afrika-instrumente kies, moet ses verskillende Afrika-instrumente oor 'n tydperk van drie jaar aanbied: Twee instrumente in graad 10, twee ander instrumente in graad 11 en weer twee ander instrumente in graad 12. Dit sal beteken dat die leerder na drie jaar in staat sal wees om ses Afrika-instrumente te speel – twee instrumente elke jaar. Die musiekkompleksiteit moet gelykstaande wees aan graad 5-standaard van die eksamenliggame. Gedokumenteerde bewys van die instrumente wat in graad 10 en graad 11 aangebied is, moet gedurende die graad 12 praktiese eksamen beskikbaar wees.

'n Leerder mag meer as een instrument vir sy/haar finale praktiese eksamen aanbied, op voorwaarde dat beide instrumente op die vereiste graad 5-standaard is en dat nie een van die instrumente vir 'n eksterne eksamen as 'n aparte vak aangebied is nie.

**6. PUNTETOEKENNING VIR DIE FINALE GRAAD 12-EKSAMEN****6.1 DIE INDIVIDUELE PRAKTIESE EKSAMEN****MUSIEK  
PAKTIESE-EKSAMENVERLAG  
GRAAD 12**

Kandidaat: ..... Eksamennommer: .....

Skool: .....

Datum: ..... Instrument: .....

| TITEL EN KOMPONIS   | OPMERKINGS              | PUNTE | TOTAAL     |
|---|-------------------------|-------|------------|
| Werk 1:<br>.....<br>.....                                       | .....<br>.....<br>..... |       | <b>25</b>  |
| Werk 2:<br>.....<br>.....                                       | .....<br>.....<br>..... |       | <b>25</b>  |
| Werk 3:<br>.....<br>.....                                       | .....<br>.....<br>..... |       | <b>25</b>  |
| Werk 4 (Ensemble-werk):<br>.....<br>.....                       | .....<br>.....<br>..... |       | <b>25</b>  |
| Tegniese werk: .....  |                         |       | <b>20</b>  |
| Blad lees: .....  |                         |       | <b>12</b>  |
| Gehoor: Bladsing (4), Klapoefening (4), Sing van Drieklanke (2) |                         |       | <b>10</b>  |
| <b>T O T A A L</b>  |                         |       | <b>142</b> |

| KRITERIA VIR ASSESSERING VAN VOORDRAGWERKE |   |              |
|--|---|--------------|
| Eksaminatore: 1. ....<br>2. ....           | Vloeiendheid  | 10           |
|  | Akkuraatheid  | 10           |
| Algemene opmerkings:<br>.....<br>.....     | Stilistiese singewing   | 30           |
|  | Musiekbegrip  | 20           |
|  | Algemeen: Toonproduksie/aanslag<br>Intonasie<br>Tegniese vaardigheid<br>Gesiklike tempo | 30           |
|  | Totaal:   | 100 ÷ 4 = 25 |

Vir die doeleindes van hierdie eksamen moet 'n ensemble uit 2–8 persone bestaan. Indien 'n volwassene deel vorm van die ensemble, moet daar steeds 'n bona fide skoolgaande leerder in die ensemble wees. Elke voordraer (leerder) moet 'n onafhanklike party speel wat nie deur 'n ander speler verdubbel word nie.

Al die komponente sal gedurende die finale praktiese eksamen geassesseer word.

## 6.2 Skriftelike Eksamens

|   | <b>SKRIFTELIKE KOMPONENT</b>   | <b>MAKSIMUM PUNTE</b> |
|---|--|-----------------------|
| 1 | <u>Vraestel 1 – Musiek</u><br>AFDELING A: Musiekgeletterdheid<br>* Teorie, melodiese komposisie, harmonisering<br>AFDELING B: Musiekkennis<br>* Algemene musiekkennis soos in die kurrikulum gespesifiseer | 60<br><br>65          |
| 2 | <u>Vraestel 2 – Musiekbegrip</u><br>AFDELING A: Gehoor<br>AFDELING B: Herkenning van genre, styl,<br>instrumentasie, stemming,<br>komposisietegnieke, ens.<br>AFDELING C: Vorm                             | 33                    |

## 6.3 Opsomming van Promosiepunt

|   | <b>KOMPONENT</b>                    | <b>PUNTE</b> |
|---|-------------------------------------|--------------|
| 1 | Jaarpunt: PAT 1–7 (Leerder se lêer) | 100          |
| 2 | Individuele Praktiese Eksamen       | 142          |
| 3 | Vraestel 1 – Musiek                 | 125          |
| 4 | Vraestel 2 – Musiekbegrip           | 33           |
|   | <b>TOTAAL</b>                       | <b>400</b>   |

## 7. VOORBEELDE VAN PAT'e

Voorbeelde van die PAT'e genummer 1, 2, 3, 5 en 6 word op die volgende bladsy gegee. Die halfjaareksamen en rekordeksamen word uitgesluit. Onderwysers mag die PAT-voorbeelde net so gebruik of dit aanpas om by hulle spesifieke behoeftes te pas. Die bedoeling is dat dit slegs as riglyn vir die onderwyser sal dien en nie voorskriftelik sal wees nie.







**PAT 2: MUSIEKGELETERDHEID: HARMONIESE ANALISE EN HARMONISERING**

**PAT 2(a): HARMONIESE ANALISE**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

**INSTRUKSIES**

Bestudeer die gegewe koraalharmonisering en beantwoord dan die vrae.

**VRAAG 1**

Voorsien die harmoniese analise vir die akkoorde gemerk (a)–(e). Skryf in elke geval die toonsoort, akkoord en omkering neer. (5 x 2) (10)

**VRAAG 2**

Benoem die kadense gemerk (f) en (g). Skryf in elke geval die toonsoort, akkoordprogressie en naam van die kadens neer.

(f) \_\_\_\_\_ (g) \_\_\_\_\_ (2 x 3) (6)

**VRAAG 3**

Identifiseer die tipe nieharmoniese note in die blokke wat gemerk is (h)–(k).

(h) \_\_\_\_\_ (i) \_\_\_\_\_

(j) \_\_\_\_\_ (k) \_\_\_\_\_ (4)

Onderwyser se Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**Punt (20) :** \_\_\_\_\_

**PAT 2(b): HARMONISERING**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

**INSTRUKSIES**

Harmoniseer die gegewe sopraanmelodie deur die alt-, tenoor- en basstemme by te voeg. Verskaf die korrekte besyfering onder elke akkoord. Gebruik harmoniese progressies wat pas by die styl wat deur hierdie melodie voorgestel word.

Punte sal vir die volgende aspekte toegeken word:

1. Gekose akkoordprogressie
2. Korrekte gebruik van verdubbeling, spasiëring en stemleiding
3. Toepaslike kadense
4. Gebruik van nieharmoniese note
5. Vindingrykheid en kreatiwiteit



Onderwyser se Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**Punt (30):** \_\_\_\_\_**TOTAAL vir PAT 2 (20 + 30 = 50):** \_\_\_\_\_

## PAT 2(a): MUSIEKGELETERDHEID: HARMONIESE ANALISE: ALTERNATIEWE STYL

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

**INSTRUKSIES**

Bestudeer die volgende musiekuitreksel uit 'n werk en beantwoord die vrae wat daarop volg:

**ST THOMAS**  
Calypso

Brightly, straight 8s  $\text{♩} = 76$  Sonny Rollins

The musical score is for 'ST THOMAS' by Sonny Rollins, a Calypso piece in 3/2 time with a tempo of 76 beats per minute. It features piano accompaniment with a melody in the right hand and bass in the left hand. The score is divided into three systems. The first system (measures 1-6) includes a cadence (f). The second system (measures 7-11) includes cadences (c) and (d). The third system (measures 12-15) includes a cadence (g). Chords are marked with letters (a) through (e) for harmonic analysis.

**VRAAG 1**

Voorsien die akkoorde gemerk (a) tot (e) met harmoniese analise of akkoordsimbole. Skryf die antwoorde op die partituur. (10)

**VRAAG 2**

Noem die TWEE kadense by (f) en (g).

(f) \_\_\_\_\_ (g) \_\_\_\_\_ (4)

**VRAAG 3**

Gebruik die letters (h) en (i) om TWEE verskillende voorbeelde van sinkopasie op die partituur aan te dui. (4)

**VRAAG 4**

Noem die toonsoort of modus van hierdie werk. \_\_\_\_\_ (2)

Onderwyser se Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**Punt (20):** \_\_\_\_\_

**PAT 2(b): MUSIEKGELETERDHEID: HARMONISERING: ALTERNATIEWE STYL**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

**INSTRUKSIES**

Voorsien die linkerhandparty van die volgende komposisie van geskikte akkoorde. Skryf dit in die partituur soos in maat 1 en 2, en voeg akkoordsimbole bokant die regterhandparty in. Maak seker dat daar geskikte kadense in maat 7–8 en 15–16 voorkom.

**Inchworm**

Jazz Waltz

Slow swing ♩ = 96

Frank Loesser

The first system of musical notation for 'Inchworm' consists of two staves. The upper staff is in treble clef with a key signature of one sharp (F#) and a 3/4 time signature. It contains a melody of eighth and quarter notes. The lower staff is in bass clef with the same key signature and time signature, containing a bass line of quarter and eighth notes. The system ends with a repeat sign.

The second system of musical notation for 'Inchworm' also consists of two staves. The upper staff continues the melody from the first system, starting with a measure number '9' above the first measure. The lower staff continues the bass line. The system ends with a double bar line.

Onderwyser se Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Punt (30): \_\_\_\_\_

TOTAAL vir PAT 2 (20 + 30 = 50): \_\_\_\_\_

|   |
|---|
| <b>PAT 3 – IMPROVISASIE</b><br><b>PAT 3(a) – IMPROVISASIEVOORDRAG</b> |
|---|

**Verslag van Assessering**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Instrument: \_\_\_\_\_

Improviasie-opsie: \_\_\_\_\_

| IMPROVISASIEKRITERIA  | GEWIG      | PUNT TOEGEKEN |
|---|------------|---------------|
| Melodiese Aspekte:<br>* Toonlere/Modusse, nieharmoniese note<br>* Melodiese motiewe, melodielyn/-kontoer      | 25         |               |
| Ritmiese Aspekte:<br>* Ritmiese variasie, kompleksiteit<br>* Ritmiese motiewe, ritmiese stuwing               | 25         |               |
| Algemeen:<br>* Vloeiendheid, akkuraatheid<br>* Intonasie<br>* Toonproduksie/aanslag<br>* Tegniese vaardigheid | 20         |               |
| Stilistiese singewing   | 20         |               |
| Musikale begrip   | 10         |               |
| <b>TOTAAL:</b>  | <b>100</b> |               |
| <b>Punt verwerk:<br/>Improviasievoordrag</b>  | <b>40</b>  |               |

Opmerkings: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

**Punt (40):** \_\_\_\_\_

Onderwysers se Handtekening: 1 \_\_\_\_\_ 2 \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_





**PAT 3: IMPROVISASIE: OPSIE A****INSTRUKSIES**

Die leerder mag Opsie A (12-maat Blues) of Opsie B (12-maat Barok of die alternatief) kies. Die begeleidingsmateriaal of akkoordprogressies moet aan die leerder voorsien word twee weke voor die werklike improvisasievoordrag om aan die leerder die geleentheid te gee om vir die improvisasie voor te berei. Geen partituur behalwe die akkoordkaart ('chord chart') mag gedurende die voordrag deur die leerder gebruik word nie. Die onderwyser mag die 12-maat begeleiding een keer as inleiding speel, waarna die leerder se improvisasie onmiddellik moet volg. Indien moontlik, kan die leerder se improvisasievoordrag vir toekomstige verwysing opgeneem word. 'n Tweede onderwyser moet gedurende die improvisasievoordrag teenwoordig wees om as eksaminator op te tree saam met die pianis.

**Omtrent die instrumente:**

Alle voordragte moet melodiese en ritmiese improvisasie wees, uitgesluit nie-melodiese Afrika-instrumente. Voordrag op kitaar, klavier, en orrel moet uit enkellyn-improvisasie bestaan, soos wat die geval is vir houtblaas-, koperblaas- en strykinstrumente. Improvisasie op transponerende instrumente moet in die korrekte toonsoort voorberei word. Die klarinet, tenoor- en sopraansaksofoon, trompet in B<sup>b</sup>, Franse horing in F en altsaksofoon in E<sup>b</sup> moet van afsonderlike akkoordkaarte ('chord charts') voorsien word. Onderwysers moet akkoordkaarte ('chord charts') vir ander transponerende instrumente verskaf.

**Opsie A****Voordrag: 40 punte****EXAMINATION BLUES**

*Blue, but not hopeless* ♩ = 116 - 124

Chord progressions for the first system: F, F, F, F<sup>7</sup>

Chord progressions for the second system: B<sup>b</sup>, B<sup>b</sup>, F, F

Chord progressions for the third system: C, B<sup>b</sup>, F, F

Chord progressions for the fourth system: V, IV, I, I

**PAT 3 – IMPROVISASIE**

**Transponerende Instrumente**

**Opsie A**

**EXAMINATION BLUES**

**Klarinet, Tenoor-/Sopraansaksofoon, Trompet in B<sup>b</sup>**

*Blue, but not hopeless* ♩ = 116 - 124

G: I I I V/IV  
 IV IV I I  
 V IV I rit. I

**Opsie A**

**EXAMINATION BLUES**

**Altsaksofoon in E<sup>b</sup>**

*Blue, but not hopeless* ♩ = 116 - 124

D: I I I V/IV  
 IV IV I I  
 V IV I rit. I

## Opsie A

Examination Blues  
Franse Horing in F*Blue, but not hopeless* ♩ = 116 - 124

Musical score for 'Examination Blues Franse Horing in F' in 4/4 time. The score consists of three systems of a treble clef staff with a slash and a chord name below it. The first system (measures 1-4) has chords C, C, C, and C<sup>7</sup>. The second system (measures 5-8) has chords F, F, C, and C. The third system (measures 9-12) has chords G, F, C, and C. The final measure of the third system is marked 'rit.' and 'I'.

Chord progressions below the staves:

C: I I I V/IV

5 F F C C

IV IV I I

9 G F C C

V IV I rit. I

## Opsie A

Examination Blues  
Konserttoonhoogte*Blue, but not hopeless* ♩ = 116 - 124

Musical score for 'Examination Blues Konserttoonhoogte' in 4/4 time. The score consists of three systems of a treble clef staff with a slash and a chord name below it. The first system (measures 1-4) has chords F, F, F, and F<sup>7</sup>. The second system (measures 5-8) has chords B<sup>b</sup>F, B<sup>b</sup>, F, and F. The third system (measures 9-12) has chords C, B<sup>b</sup>, F, and F. The final measure of the third system is marked 'rit.' and 'I'.

Chord progressions below the staves:

F: I I I V/IV

5 B<sup>b</sup>F F B<sup>b</sup> F F

IV IV I I

9 C B<sup>b</sup> F F

V IV I rit. I

**PAT 3: IMPROVISASIE: OPSIE B****INSTRUKSIES**

Die leerder mag Opsie A (12-maat Blues) of Opsie B (12-maat Barok of die alternatief) kies. Die begeleidingsmateriaal of akkoordprogressies moet aan die leerder voorsien word twee weke voor die werklike improvisasievoordrag om aan die leerder die geleentheid te gee om vir die improvisasie voor te berei. Geen partituur behalwe die akkoordkaart ('chord chart') mag gedurende die voordrag deur die leerder gebruik word nie. Die onderwyser mag die 12-maat begeleiding een keer as inleiding speel, waarna die leerder se improvisasie onmiddellik moet volg. Indien moontlik, kan die leerder se improvisasievoordrag vir toekomstige verwysing opgeneem word. 'n Tweede onderwyser moet gedurende die improvisasievoordrag teenwoordig wees om as eksaminator op te tree saam met die pianis.

**Omtrent die instrumente:**

Alle voordragte moet melodiese en ritmiese improvisasie wees, uitgesluit nie-melodiese Afrika-instrumente. Voordrag op kitaar, klavier, en orrel moet uit enkellyn-improvisasie bestaan, soos wat die geval is vir houtblaas-, koperblaas- en strykinstrumente. Improvisasie op transponerende instrumente moet in die korrekte toonsoort voorberei word. Die klarinet, tenoor- en sopraansaksofoon, trompet in B<sup>b</sup>, Franse horing in F en altsaksofoon in E<sup>b</sup> moet van afsonderlike akkoordkaarte ('chord charts') voorsien word. Onderwysers moet akkoordkaarte ('chord charts') vir ander transponerende instrumente verskaf.

**Opsie B****Voordrag: 40 punte****Pachalbel's Contemplation***Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124

The musical score for Pachalbel's Contemplation is presented in three systems, each with a treble and bass clef staff. The key signature is one flat (B-flat major/C minor) and the time signature is 4/4. The tempo is marked as 'Reverently but not too serious' with a quarter note equal to 116-124 beats per minute. The score includes chord symbols above the treble staff and figured bass notation below the bass staff.

**System 1 (Measures 1-4):**  
 Treble staff: F, C, Dmin, Amin, B<sup>b</sup>, F, B<sup>b</sup>, C  
 Bass staff: F: I V vi iii IV I IV V

**System 2 (Measures 5-8):**  
 Treble staff: F, C, Dmin, Amin, B<sup>b</sup>, F, B<sup>b</sup>, C  
 Bass staff: I V vi iii IV I IV V

**System 3 (Measures 9-12):**  
 Treble staff: F, C, Dmin, Amin, B<sup>b</sup>, F, B<sup>b</sup>, C, F  
 Bass staff: I V vi iii IV I IV V I  
 The final measure (measure 12) includes a *rit.* (ritardando) marking.

**PAT 3 – IMPROVISASIE**

**Transponerende Instrumente**

**Opsie B**

**Pachelbel's Contemplation  
Klarinet, Tenoor- Sopraansaksofoon, Trompet in B<sup>b</sup>**

*Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124

G D Emin Bmin C G C D

G: I V vi iii IV I IV V

5 G D Emin Bmin C G C D

I V vi iii IV I IV V

9 G D Emin Bmin C G C D G

I V vi iii IV I IV V I

**Opsie B**

**Pachelbel's Contemplation  
Altsaksofoon in E<sup>b</sup>**

*Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124

D A Bmin F#min G D G A

D: I V vi iii IV I IV V

5 D A Bmin F#min G D G A

I V vi iii IV I IV V

9 D A Bmin F#min G D G A D

I V vi iii IV I IV V I

## Opsie B

Pachalbel's Contemplation  
Franse Horing in F*Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124

C: I V vi iii IV I IV V

5 I V vi iii IV I IV V

9 I V vi iii IV I IV V I

## Opsie B

Pachalbel's Contemplation  
Konserttoonhoogte*Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124

F: I V vi iii IV I IV V

5 I V vi iii IV I IV V

9 I V vi iii IV I IV V I

**PAT 5 – EIE KOMPOSISIE**  
**PAT 5(a) – EIE KOMPOSISIE**

**Verslag van Assessering****Totaal: 40 punte**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Instrumentasie: \_\_\_\_\_

Titel van Komposisie: \_\_\_\_\_

**INSTRUKSIES**

Elke leerder moet 'n oorspronklike werk komponeer en die partituur inlewer. Die werk moet 'n harmoniese basis hê en ook duidelike melodiese elemente bevat.

Daar moet aan die volgende vereistes voldoen word:

1. 'n Minimum van twaalf mate (verdubbel tot 24 mate as die tydmaatteken 2/4 of 3/8 is). Die komposisie mag langer wees indien die leerder dit sou verkies.
2. Instrumentasie: Vir gemengde koor (SATB) **OF** klawerbordinstrument **OF** 'n kombinasie van ten minste vier solo-instrumente.
3. Styl: Enige tonale styl mag gebruik word.
4. Partituur: 'n Volledige partituur (insluitende tempo-, uitvoeringaanwysings, dinamiek- en artikulasie-aanduidings) moet netjies met die hand geskryf of getik word.

**LET WEL:** 'n Partituur met 'n melodielyn met voorgestelde akkoorde sal nie aanvaar word nie.

| <b>EIE KOMPOSISIE</b>  | <b>GEWIG</b> | <b>PUNT TOEGEKEN</b> |
|--|--------------|----------------------|
| Melodiese Aspekte:<br>* Gebruik van intervale en melodiese motiewe<br>* Tonaliteit, tonaliteitskuiwing                     | 20           |                      |
| Ritmiese Aspekte:<br>* Pols (Metrum), ritmiese stuwing<br>* Ritmiese motiewe, ritmiese verskeidenheid                      | 20           |                      |
| Harmoniese taal:<br>* Akkoordprogressies, kadense<br>* Sensitieweit vir klankbeplanning                                    | 20           |                      |
| Stylkenmerke:<br>* Definisie van styl<br>* Egaligheid van styl   | 20           |                      |
| Algemeen:<br>* Struktuur, tempo-, voordrag-,<br>dinamiek- en artikulasie-aanduidings<br>* Duidelikheid van partituuruitleg | 20           |                      |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>100</b>   |                      |
| <b>Verwerk: Eie Komposisie</b>   | <b>40</b>    |                      |

Onderwyser se Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

PAT 5 – VOORBEELD – EIE KOMPOSISIE

Andante vir Klavier

*Andante* ♩ = 100

*A tempo*



|   |
|---|
| <b>PAT 5(b) – VOORDRAG OF OPNAME VAN EIE KOMPOSISIE</b> |
|---|

**Verslag van Assessering****Totaal: 10 punte**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Instrumentasie: \_\_\_\_\_

Titel van Komposisie: \_\_\_\_\_

**INSTRUKSIES**

Elke leerder moet sy/haar komposisie voordra of 'n opname daarvan maak.

Daar moet aan die volgende vereistes voldoen word:

1. As die komposisie opgeneem word, mag dit 'n lewendige opname (akoesties) of 'n digitale opname wees.
2. As die komposisie voorgedra word, moet dit 'n lewendige, akoestiese voordrag wees.
3. Die partituur en die voordrag of opname moet presies ooreenstem.
4. Indien 'n 'backtrack' gebruik word, moet elke klank wat gehoor word, in 'n partituur geskryf word.

| <b>KOMPOSISIE: OPNAME/VOORDRAG</b>                               | <b>GEWIG</b> | <b>PUNT TOEGEKEN</b> |
|--|--------------|----------------------|
| Idiomatiese oorwegings:<br>* Speelbaarheid begrip van instrument | 15           |                      |
| Kreatiwiteit:<br>* Vernuf, oorspronklikheid                      | 15           |                      |
| Musikale Begrip:<br>* Musikale singewing, natuurlike voortgang   | 10           |                      |
| Musikale Doel:<br>* Is die musikale doel bereik?                 | 10           |                      |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>50</b>    |                      |
| <b>Verwerk:<br/>Komposisie: Voordrag/Opname</b>                  | <b>10</b>    |                      |

Opmerkings: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Onderwysers se Handtekeninge: 1 \_\_\_\_\_ 2 \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

**TOTAAL vir PAT 3 (40 + 10 = 50):** \_\_\_\_\_

**PAT 6 – MUSIEKKENNIS: NAVORSINGSOPDRAG****SUID-AFRIKAANSE MUSIEK****INSTRUKSIES**

Skryf 'n opstel van 1 000–1 500 woorde oor 'n gevestigde Suid-Afrikaanse komponis of voordragkunstenaar. Jy is nie beperk tot 'n spesifieke tydperk, styl of genre nie en jy mag enige geskikte persoon van enige tipe musiek in die land kies.

Formaat van opstel volgens die volgende riglyne:

1. Biografiese besonderhede van toepassing op die musiek van die komponis of voordragkunstenaar. (5)
2. Identifisering van die algemene musiekstyl van hierdie komponis of voordragkunstenaar. Sluit 'n kort kommentaar oor die stylontwikkeling en die plek daarvan in die musiekgeskiedenis in. Noem die unieke karaktereienskappe van jou gekose komponis of voordragkunstenaar en sy/haar bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek. (10)
3. Verwys na die invloede van ander voordraers, komponiste of tydgenote op die musiek van hierdie komponis of voordragkunstenaar. (5)
4. Analiseer TWEE kontrasterende liedere of komposisies van jou gekose kunstenaar. Gee spesiale aandag aan relevante elemente van die musiek wat betrekking het op sy/haar musiek, bv. instrumentasie, toonkleur, melodie, harmonie, tonaliteit, metrum, ritme, tempo, dinamiek, tekstuur, struktuur (vorm), stemming en atmosfeer. (10 x 2) (20)
5. Noem DRIE opnames van toepassing op hierdie komponis of voordraer. (3)
6. 'n Bibliografie en diskografie moet aan die einde van jou opstel voorkom. Verder word jy geassesseer ten opsigte van die aanbieding (formaat en netheid), asook korrekte taalgebruik. (7)

**TOTAAL: 50**

\* Die opdrag moet met die hand geskryf of getik wees.

\* Die inhoud, aanbieding, taalgebruik en die formaat van die opstel sal geassesseer word.

\* Dokumente wat net so van die Internet afgelaai word, sal nie aanvaar word nie.

|   |
|---|
| <b>PAT 6 – MUSIEKKENNIS: NAVORSINGSOPDRAG</b> |
|---|

**Rekord van Assessering**

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Naam van gekose komponis/voordragkunstenaar: \_\_\_\_\_

Die navorsingsopdrag kan volgens die volgende kriteria geassesseer word:

| KRITERIA                          | GEWIG         | PUNT TOEGEKEN |
|-----------------------------------|---------------|---------------|
| Biografie                         | 5             |               |
| Musiekstyl                        | 10            |               |
| Invloede                          | 5             |               |
| Analise<br>1. Werk 1<br>2. Werk 2 | 10<br>10 (20) |               |
| Verteenwoordigende opnames        | 3             |               |
| Bibliografie en Diskografie       | 2             |               |
| Aanbieding                        | 3             |               |
| Taalgebruik                       | 2             |               |
| <b>TOTAAL</b>                     | <b>50</b>     |               |

Opmerkings:

---



---



---



---



---



---



---



---

Handtekening van Onderwyser: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**Totaal: 50 punte**

## 8. Geakkrediteerde Eksterne Eksamenopsie vir graad 12-leerders (2013) en graad 11-leerders (tot en ingesluit 2013)

Eksamens van drie musiekeksamenliggame word deur die Departement van Basiese Onderwys as 'n graad 12-vak geakkrediteer: (UNISA, Associated Board of the Royal Schools of Music (ABRSM) en Trinity Guildhall).

Alle leerders wat hierdie opsie volg, moet in graad 10 registreer en ten minste twee eksterne praktiese eksamens EN ten minste twee eksterne musiekteorie-eksamens tussen graad 10 en graad 12 doen. **Let daarop dat die laaste musiekteorie- en praktiese eksamen in graad 12 moet plaasvind.**

Die minimum vlak wat teen die einde van graad 12 vereis word, is:

- Prakties: Graad 6 Prakties van een van die eksamenliggame
- Teoreties: Graad 5 van UNISA of Graad 6 van ABRSM en Trinity

Die volgende is 'n opsomming van die vereistes:

| <b>GEAKKREDITEERDE EKSTERNE EKSAMENOPSIE – GRAAD 12</b> |  |
|---|--|
| <b>Prakties:</b>  | <b>Teorie:</b>                           |
| UNISA Graad 6<br>ABRSM & Trinity Graad 6                | UNISA Graad 5<br>ABRSM & Trinity Graad 6 |
| UNISA Graad 7<br>ABRSM & Trinity Graad 7                | UNISA Graad 5<br>ABRSM & Trinity Graad 6 |
| UNISA Graad 8<br>ABRSM & Trinity Graad 8                | UNISA Graad 6<br>ABRSM & Trinity Graad 6 |

Daar word vereis dat elke leerder **vier take** gedurende die graad 12 akademiese jaar moet voltooi. Hierdie punte sal die JAARPUNT vorm. Die inhoud en gewig is:

| <b>TAAK</b> | <b>INHOUD</b>   | <b>GEWIG</b> |
|-------------|---|--------------|
| Taak 1      | Musiekgeletterdheid:<br>* 'n Musiekteorietoets op dieselfde vlak as die vereiste teoriegraad  | 25           |
| Taak 2      | Geskrewe navorsingsprojek:<br>* Enige onderwerp van toepassing op musiek, 1 000–1 500 woorde lank   | 25           |
| Taak 3      | Assessering van tegniese ontwikkeling:<br>* Toonlere/arpeggio's/oefeninge<br>* Op dieselfde vlak as die praktiese graad   | 25           |
| Taak 4      | Opname van voordrag:<br>* Enkele poging om 'n video- of klankopname te maak wat met 'n videokamera of klankopnametoerusting opgeneem is. Die klankkwaliteit moet goed wees. Die partituur van die opgeneemde stuk moet die opname vergesel. | 25           |
|             | <b>Totaal: Jaarpunt</b>   | <b>100</b>   |

Die promosiepunt word soos volg bereken:

| <b>GEAKKREDITEERDE EKSTERNE EKSAMENOPSIE – GRAAD 12</b> |              |
|---|--------------|
| <b>KOMPONENT</b>  | <b>GEWIG</b> |
| Praktiese Eksamen                                       | 150          |
| Teorie-Eksamen  | 150          |
| Jaarpunt  | 100          |
| <b>TOTAAL</b>   | <b>400</b>   |

### 9. Geakkrediteerde Eksterne Eksamenopsie vir graad 12-leerders (vanaf 2014)

In die Staatskoerant 34473/603 van 21 Julie 2011 word nuwe riglyne vir die akkreditering van musiekeksamens van UNISA, Royal Schools of Music (RSM) en Trinity College of London (TCL) vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) gepubliseer. Musiek as vak (van die NSS) word glad nie daardeur geaffekteer nie.

**Die volgende vereistes is van toepassing op graad 10-leerders vanaf 2013:**

1. EEN van hierdie eksamens kan slegs as addisionele (agste) vak aangebied word.
2. Leerders moet in Januarie van die graad 12-jaar saam met die skool se eksameninskrywings vir dié vak registreer.
3. Geen assesseringstake word meer vereis nie.
4. Slegs prakties Graad 7 mag aangebied word: Geen Graad 6 of Graad 8 mag aangebied word nie.
5. Hierdie graad 7-eksamen moet voor Junie van die leerder se graad 12-jaar gespeel word.
6. Die teorievereistes bly dieselfde: UNISA: Graad 5, RSM & TCL: Graad 6.
7. Die teorie-eksamen moet tussen Oktober van die leerder se graad 11-jaar en Julie van die leerder se graad 12-jaar geskryf word.
8. Die praktiese en teorie-eksamens tel elk die helfte van die finale graad 12-punt.
9. Hierdie vak sal op die NSS-sertifikaat verskyn, maar die punte sal nie by die ander vakke getel word nie.
10. Indien 'n kandidaat een van die sewe NSS-vakke drui, sal bogenoemde vak dit nie vervang nie.
11. Slegs een van die bogenoemde eksamenliggame mag as 'n eksterne geakkrediteerde eksamenopsie gevolg word.
12. Die praktiese en teoretiese eksamens moet van dieselfde eksamenliggaam wees. Die eksamens kan nie gemeng word nie, bv. RSM-prakties met TCL-teorie.
13. Leerders mag steeds een van die bogenoemde eksamens saam met Musiek van die (NSS) as twee aparte vakke aanbied, mits 'n ander musiekinstrument aangebied word.

Die volgende hulpbronne, apparaat en fasiliteite word vir die PAT'e aanbeveel:

## **BOEKE**

- Bewys van leerder se werk
- Musiekmanuskripboeke
- Literatuur/Artikels/Tekste oor:
  - Speeltegniek van die instrument
  - Bedrewendheid in musiekvoordrag
  - Grondbeginsels van toonkunstenaarskap
  - Repertorium van die gekose instrument(e)
  - Gebruik van elektroniese apparaat

## **APPARAAT**

- Een klavier vir elke musiekkamer
- Elektroniese klawerbord met ingeboude klankskepper ('sequencer')
- Een rekenaar vir elke ses leerders met musieksagteware en Internettoegang
- Opname-apparaat, versterker, menger van ten minste vier kanale, toegang tot 'n klankversterkingstelsel
- Musiekinstrumente van die leerders se keuse, bv. tromstel, elektriese kitaar, baskitaar en 'n volle stel marimbass
- Klavierstoele, stapelstoele en tafels
- Een musiekstaander vir elke drie leerders
- Een staalkabinet vir elke onderwyser se musiekklasskamer/studio en teorieklaskamer
- Een metronoom per onderwyser

## **FASILITEITE**

- Een musiekklasskamer vir elke voltydse onderwyser. Dit moet 'n skryfbord met musieklyne daarop gedruk, asook genoeg spasie vir 'n ensemble hê.
- Een teorieklaskamer met 'n skryfbord met musieklyne daarop gedruk en 'n stoorkamer langsaan
- Een klankdigte oefenkamer vir elke ses leerders
- Rekenaarkamer
- Een voordraglokaal met 'n geligte verhoog vir ensembles en kore
- 'n Klankstudio vir elektroniese apparaat

Die volgende naslaanwerke word aanbeveel:

- Kamien, *Music an Appreciation*
- Abrashev and Gadjev *Illustrated Encyclopaedia of Musical Instruments*
- Dorricot, *Exploring Film Music*
- *The Virgin Illustrated Encyclopaedia of Rock*
- Laurie Levine *The Traditional Music of South Africa:*
- Michael du Preez and Neil Robertson, *Improvisation, Arrangement and Composition* (083 456 1682)
- Anne-Marie Alkema, *Music (Future Entrepreneurs)* (083 760 6774)
- Bonisile Gcisa, *Music Notation A Literacy Programme* – for solfa/staff notation (082 358 8846)
- Antoinette Hoek, *Graad 10–12 Musiekteorie (Musiekgeletterdheid) -werkboeke* – vir gehoortoetse, teorie-oefeninge, voorbeeldtoetse met memorandum, ens. (082 665 4955)
- Antoinette Hoek, *Graad 10–12 Musiekteorie en Musiekwerkboeke* met oudio-CD – vir komposisie, verwerking, improvisasie, vorm en struktuur, gehoortoetse, luisteroefeninge met memorandum, woordelys, ens. (082 665 4955)